SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC

Reg. No. L8413, Act No. 36 of 1947 | Reg. Nr. L8413, Wet Nr. 36 van 1947

A systemic emulsifiable concentrate fungicide for the control of certain diseases on barley, beans, citrus, groundnuts, mangoes, oats, onions, peas, potatoes, soy beans, tomatoes and wheat.

'n Sistemiese emulgeerbare konsentraat swamdoder vir die beheer van sekere plantsiektes op aartappels, bone, erte, gars, grondbone, hawer, koring, mango's, sitrus, sojabone, tamaties en uie.

FUNGICIDE GROUP CODE G3

SWAMDODER GROEPKODE G3

ACTIVE INGREDIENT
Tebuconazole (triazole).... 250 g/ℓ

AKTIEWE BESTANDDEEL
Tebukonasool (triasool).... 250 g/ℓ

Registration Holder | Registrasiehouer
Sharda International Africa (PTY) LTD
Reg. No./Reg. Nr. 2010/002268/07
P. O. Box/Posbus 82021, Southdale, 2135
Tel: 031-764 3011
Tel: 087-822 2397

BATCH NUMBER LOT NOMMER	
EXPIRY DATE VERVAL DATUM	

CONTENTS / INHOUD

5 ℓ

UN No. / VN Nr. 3082

CAUTION
VERSIGTIG

SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC

Reg. No. L8413 • Act No. 36 of 1947

A systemic emulsifiable concentrate fungicide for the control of certain diseases on barley, beans, citrus, groundnuts, mangoes, oats, onions, peas, potatoes, soy beans, tomatoes and wheat.

FUNGICIDE GROUP CODE G3

ACTIVE INGREDIENT

Tebuconazole (triazole).... 250 g/ℓ

Registration Holder

Sharda International Africa (PTY) LTD

Reg. No./Reg. Nr. 2010/002268/07

P. O. Box/Posbus 82021, Southdale, 2135

Tel: 031-764 3011

Tel: 087-822 2397

UN No. 3082

WARNINGS

- Allow the following number of days between the last **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** application and harvesting or feeding or grazing:

Barley and Wheat	77 days	Citrus	25 weeks	Beans and Potatoes	14 days
Groundnut and Bean Hay	42 days	Oats	56 days	Peas and Tomatoes	7 days
Soy beans	32 days				

  The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements but may not meet export requirements.
- Handle with care.
- Harmful if swallowed, inhaled, or absorbed through the skin.
- May irritate the skin.
- May cause severe damage to eyes.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Store in the original container under lock and key away from food and feedstuffs.
- Toxic to fish. Prevent contamination of dams and rivers.
- **Cereals**: When tank mixtures with grass herbicides are applied slight leaf mottling/scorch may occur but new growth will not be affected.
- **Re-entry**: Do not enter the treated field until the spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **Aerial Application**: Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warning. Do not spray over or allow drift to contaminate water of adjacent areas.

Although this fungicide has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be effected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of the application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the fungicide due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale fumes or spray mist.
- Avoid contact with skin and eyes.
- Wear protective clothing when handling the concentrate (eye protection, rubber boots, gloves).
- In the case of accidental contact with eyes, rinse the eyes with clean water for at least 15 minutes.
- After use and in case of accidental skin contact, wash thoroughly with soap and water.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying or before washing hands and face and change of clothing.
- Prevent contamination of food, feedstuff, eating utensils and drinking water.
- Prevent the drift of spray mist onto other crops, grazing, rivers, dams or areas not under treatment.
- Rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner. Destroy empty container by perforation and flattening and never use for any other purpose.

RESISTANCE WARNING:

SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC is a group code G3 fungicide. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** and other group code G3 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly. **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** or any other group code G3 fungicide may not control these resistant fungi.
To delay fungicide resistance: Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with products from different fungicide group codes. Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.
For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE • USE ONLY AS DIRECTED

Compatibility: **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** is not compatible with alkaline products. Compatibility with other products is influenced by the formulation of the products involved and the quality of the spray water. A physical compatibility test should always be carried out prior to application.

Mixing Instructions: Pour the required quantity of **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** into the spray water while agitating. Do not allow the **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** spray mixture to stand any length of time before using.

Aerial Application: Aerial application of **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SABS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- Volume: A spray mixture volume of 30 to 40 ℓ per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- Droplet coverage: 35 to 50 droplets per cm² must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 280 to 300 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 microns (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- Flying height: Maintain the height of the spray boom at 3 to 4 metres above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking
- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8°C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
  - damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

CROP / DISEASE	DOSAGE	REMARKS
BARLEY Leaf spot (*Rhynchosporium secalis*)	Ground Application 500 mℓ in 300 ℓ water/ha Aerial Application 500 mℓ in 30 ℓ water/ha	Leaf spot: Spray when first symptoms are noticed or in the period between the seven-leaf and flag leaf stages. A single spray should be sufficient for control.
Leaf rust (*Puccinia hordei*) Powdery mildew (*Erysiphe graminis*)	Ground Application 750 mℓ in 300 ℓ water/ha Aerial Application 750 mℓ in 30 ℓ water/ha	Leaf rust and Powdery mildew: Spray as soon as first symptoms appear. Repeat the spray approximately four weeks later should symptoms reappear.
Net blotch (*Pyrenophora teres*) (*Helminthosporium*) Halo spot (*Selenophoma donacis*) Eye spot (*Pseudocercosporella herpotrichoides*)	Ground Application 750 mℓ in 300 ℓ water/ha Aerial Application 900 mℓ in 30 ℓ water/ha	Net blotch and Halo spot: Spray when the first symptoms are noticed especially from the flag leaf stage to the ear emergence stage. Under high infection pressure a second spray is recommended at a 3 to 4 week interval. Eye spot: Spray between the 7-leaf and flag leaf growth stages. A single spray will normally give adequate control.
BEANS Rust (*Uromyces appendiculatus*)	Ground Application 500 mℓ in 500 ℓ water/ha Aerial Application 600 mℓ in 30 ℓ water/ha	Apply as a preventive treatment or when first signs of infection occur. Repeat at 10 to 12 day intervals as necessary. Apply as a full cover spray in 500 ℓ water or more/ha.
CITRUS Navels, Clementines and Minneola tangelos. Navel-end rot (*Alternaria citri*)	Ground Application 80mℓ/100ℓ water	Spray at 50% petal fall and repeat at 100 % petal fall. Apply as a medium cover spray (approximately 20 ℓ spray per tree depending on tree size). Uneven flowering over an extended period will lead to variable to poor disease control.
GROUNDNUTS Leaf spots (*Cercospora arachidicola* and *Cercosporidium personatum*) Leaf blotch (*Phoma arachidicola*) Rust (*Puccinia arachidis*)	DRYLAND: Ground Application 400 mℓ in 500 ℓ water per 10 000 m row length Aerial Application 500 mℓ in 40 ℓ water/ha IRRIGATION: Ground Application 600 mℓ in 500 ℓ water/ha Aerial Application 750 mℓ in 40 ℓ water/ha	Apply as a preventive treatment or when first signs of infection are noticed. Repeat application every 10 to 14 days. Apply 4 to 5 sprays per season. A suitable wetter/sticker must be added to the spray mixture to ensure thorough wetting of the groundnut foliage.
MANGOES Powdery mildew (*Oidium mangiferae*)	Ground Application 20 mℓ/100 ℓ water	Spray at the first signs of infection (normally when 50 % of flowers are open) and repeat at 10 to 14 day intervals up to complete petal drop. Repeat 2 to 3 times during the flowering period. The number of sprays is dependant on climatic conditions and uniformity of flowering. Apply as a full cover spray directed at the flowers.
OATS Crown rust (*Puccinia coronata*)	Ground Application 500 mℓ in 300 ℓ water/ha Aerial Application 500 mℓ in 30 ℓ water/ha	Spray when the first symptoms of infection are noticed.
ONIONS Purple blotch (*Alternaria porri*)	150 mℓ in 100 ℓ water	Spray at 500 ℓ/ha when the first symptoms of infection are noticed. Repeat at 7 to 14 day intervals as necessary. A suitable wetter/sticker can be added to avoid spray run-off. Do not spray on spring onions. Do not spray more than 6 times per season.
PEAS Powdery mildew (*Erysiphe pisi*)	Ground Application 50 mℓ/100 ℓ Aerial Application 300 mℓ in 40 ℓ water/ha	Spray at the first signs of disease and repeat 10 – 14 day intervals depending on infection. To ensure thorough coverage on the leaves and to avoid excessive run-off a suitable wetter/sticker should be added. Do not apply more than three times per season. Ground Application: Spray 500 ℓ spray mixture/ha.
POTATOES Early blight (*Alternaria solani*)	Ground Application 75 mℓ/100 ℓ water Aerial Application 500 – 750 mℓ/ha	**Ground Application:** Apply in ± 500 ℓ water/ha (do not apply less than 375 mℓ **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC**/ha). **Aerial Application:** Apply in ± 40 ℓ water/ha. Use the higher dosage after the flowering stage or when favourable conditions occur for the rapid development of early blight (hot and humid weather conditions). In the case of both ground and aerial application, apply as a preventive programme. **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** should be applied in a tank mixture with a registered late blight fungicide when conditions are favourable for the development of late blight. **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** should not be applied more than 5 times per season. Apply every 7 – 10 days or alternate every 7 – 10 days in a programme with a treatment (non-DMI fungicide) registered against early and/or late blight depending on conditions.
SOY BEANS Rust (*Phakopsora pachyrhizi*)	Ground Application 750 mℓ/ha Aerial Application 1.0 ℓ in 40 ℓ water/ha	Apply in 300 to 500 ℓ water per ha as a full cover spray when the first symptoms of infection are noticed. Repeat at 14 to 21 day intervals as necessary. Under severe disease pressure the spray interval may be shorter.
TOMATOES Early blight (*Alternaria solani*)	Ground Application 75 mℓ/100 ℓ water	Spray between 5 and 12 ℓ spray mix per 100 m plant row depending on plant height for a full cover spray deposit. Spray at the first signs of infection. Do not spray **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** more than 5 times per season. When conditions are favourable for late blight, **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** can be applied with a registered late blight fungicide. Apply every 7 – 10 days or alternate every 7 – 10 days in a programme with a treatment (non-DMI fungicide) registered against early and/or late blight depending on conditions.
WHEAT **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** should be applied at the first signs of infection before 5 % infection level is reached. A second spray 21 days after the initial application is recommended for wheat with a high yield potential, particularly in cases where the initial application was made early (first node stage) or when other diseases develop later in the season.		
Eye spot (*Pseudocercosporella herpotrichoides*) Powdery mildew (*Erysiphe graminis*)	Ground Application 750 mℓ in 300 ℓ water/ha Aerial Application 750 mℓ in 30 ℓ water/ha	Eye spot: Spray at the first to second node growth stage. Powdery mildew: Spray when symptoms are noticed but not later than the flag leaf growth stage. Repeat the application if re-infection occurs.
Speckled leaf blotch (*Septoria tritici*) Yellow (stripe) rust (*Puccinia striiformis*) Leaf rust (*Puccinia recondita*) Glume blotch (*Septoria nodorum*)	Ground Application 625 mℓ in 300 ℓ water/ha Aerial Application 750 mℓ in 30 ℓ water/ha Ground Application 750 mℓ in 300 ℓ water/ha Aerial Application 900 mℓ in 30 ℓ water/ha	Speckled leaf blotch: Spray before the appearance of the flag leaf. Yellow (stripe) rust: Spray when symptoms are noticed. Repeat the application if re-infection occurs. Leaf rust: Spray when symptoms are noticed but before the appearance of the flag leaf. Repeat the application if re-infection occurs. Glume blotch: Spray from the second node growth stage but not later than ear emergence stage.
Stem rust (*Puccinia graminis tritici*)	Ground Application 825 mℓ in 300 ℓ water/ha Aerial Application 950 mℓ in 30 ℓ water/ha	Stem rust: Spray at the first signs of infection but not later than the flag leaf stage. Repeat the application if re-infection occurs.

SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC

Reg. Nr. L8413 • Wet Nr. 36 van 1947

'n Sistemiese emulgeerbare konsentraat swamdoder vir die beheer van sekere plantsiektes op aartappels, bone, erte, gars, grondbone, hawer, koring, mango's, sitrus, sojabone, tamaties en uie.

SWAMDODER GROEPKODE G3

AKTIEWE BESTANDDEEL

Tebukonasool (triasool) ..... 250 g/ℓ

Registrasiehouer

Sharda International Africa (PTY) LTD

Reg. No./Reg. Nr. 2010/002268/07

P. O. Box/Posbus 82021, Southdale, 2135

Tel: 031-764 3011

Tel: 087-822 2397

UN No. 3082

WAARSKUWINGS

- Laat die volgende aantal dae tussen die laaste **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** toediening en oes of voeding of beweiding:

Aartappels	14 dae	Boontjie hooi en Grondbone	42 dae	Erte en Tamaties	7 dae
Gars en Koring	77 dae	Hawer	56 dae	Sitrus	25 weke

  Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke maar mag dalk nie voldoen aan die vereistes vir uitvoer nie.
- Hanteer uiters versigtig.
- Skadelik wanneer ingeasem, deur die vel opgeneem of deur die mond ingeneem word.
- Kan irriteerend vir die vel wees.
- Kan oë ernstig beskadig.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Bêre in die oorspronklike houer in 'n koel plek weg van voedsel en voer agter slot en grendel.
- Giftig vir visse. Voorkom die besoedeling van damme en riviere.
- **Kleingrane:** Wanneer tenkmengsels met grasonkruidoders toegedien word mag 'n effense vergeling en/of skroei op bespuite blare voorkom maar nuwe groei sal nie geaffekteer wees nie.
- **Herbetreding:** Moenie die behandelde area betree alvorens die spuitneerslag nie droog is nie, tensy beskermende klerasie gedra word.
- **Lugbespuiting:** Stel alle inwoners van die onmiddellike gebied wat bespuit gaan word in kennis en rig die nodige waarskuwings. Moenie oor water en aangrensende gebiede spuit nie en sorg dat spuitstofwegdrywing nie dergelike gebiede besoedel nie.

Alhoewel hierdie swamdoder omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beinvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats-, en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie, en die voorkom van weerstand van die siekte teen hierdie swamdoder, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier, of vir gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kan word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Verhoed inaseming van dampe en spuitmis.
- Vermy kontak met oë en vel.
- Dra beskermende klere (rubberstewels, handskoene en oogbeskerming) wanneer die konsentraat hanteer word.
- In die geval van oog kontak, spoel die oë met skoon water vir ten minste 15 minute uit.
- Na gebruik en in die geval van toevallige velkontak was deeglik met seep en water.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en ander klere na gebruik aangetrek is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- Voorkom die oorwaai van spuitmis na ander gewasse, weiding, riviere, damme of gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Spoel die leë houer driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word. Vernietig leë houer deur gate daarin te maak en plat te slaan en moet vir geen ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC is 'n groepkode G3 swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC**, of enige ander groepkode G3 swamdoder, het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swam populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** of enige ander groepkode G3 swamdoder beheer word nie

Om weerstand teen swamdoders te vertraag: Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met die selfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoodergroepkodes. Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in die swamdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS • GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Verenigbaarheid: Moenie **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** meng met alkaliese middels nie. Verenigbaarheid met ander produkte word deur die formulasie van die betrokke produkte en die kwaliteit van die spuitwater beinvloed. 'n Fisiese verenigbaarheidstoets moet altyd uitgevoer word voordat gespuit word.

Menginstruksies: Voeg die nodige hoeveelheid **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** by die spuitwater terwyl dit geroer word. Moenie toelaat dat die **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** spuitmengesel vir enige tyd staan voor gebruik nie.

Lugtoediening:

SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Spuitmengsel volume van 30 tot 40 ℓ per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 35 tot 50 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 tot 300 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die **vlerkpuntvorteks** beweeg.
- Die verskil in **temperatuur** tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die **windspoed** 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur **inversie toestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of **hoë lugvog toestande** (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

GEWAS / SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS Vroeë roes (*Alternaria solani*)	Grondtoediening 75 mℓ/100 ℓ water Lugtoediening 500 – 750 mℓ/ha	Grondtoediening: Spuit in ± 500 ℓ water/ha (moet nie minder as 375 mℓ **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC**/ha toedien nie). Lugtoediening: Spuit in ± 40 ℓ water/ha. Gebruik die hoër dosis na die blomstadium van die plante of wanneer toestande gunstig is vir die vinnige ontwikkeling van vroeë roes (warm, vogtige weerstoestande). Vir beide grond- en lugtoediening dien toe as 'n voorkomende program. **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** moet toegedien word in 'n tenkmengsel met 'n geregistreerde laatroes swamdoder wanneer toestande gunstig is vir die ontwikkeling van laatroes. Moet nie **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** meer as 5 keer per seisoen toedien nie. Dien toe elke 7 – 10 dae of die toediening kan elke 7 – 10 dae afgewissel word in 'n program met 'n behandeling (nie DMI swamdoder) wat geregistreer is teen vroeë- en/of laatroes afhangende van toestande.
BONE Bruinroes (*Uromyces appendiculatus*)	Grondtoediening 500 mℓ in 500 ℓ water/ha Lugtoediening 600 mℓ in 30 ℓ water/ha	Dien toe as 'n voorkomende behandeling of met die eerste tekens van besmetting. Herhaal teen 10 tot 12 dae intervalle soos nodig. Dien toe as 'n volle dekbespuiting in ten minste 500 ℓ water of meer/ha.
ERTE Poeieragtige skimmel (*Erysiphe pisi*)	Grondtoediening 50 mℓ/100 ℓ water Lugtoediening 300 mℓ in 40 ℓ water/ha	Spuit sodra die eerste simptome waargeneem word en herhaal met 10 – 14 dae intervalle afhangend van infeksiedruk. 'n Geskikte benatter/kleefmiddel moet verkieslik bygevoeg word om goeie bedekking van die blare te verseker of oormatige afloop te verhoed. Moet nie meer as drie bespuitings per jaar toedien nie. Grondtoediening: Spuit 500 ℓ spuitmengsel/ha.
GARS Blaarvlek (*Rhynchosporium secalis*)	Grondtoediening 500 mℓ in 300 ℓ water/ha Lugtoediening 500 mℓ in 30 ℓ water/ha	Blaarvlek: Spuit sodra die eerste simptome waargeneem word of in die periode tussen die 7-blaar en vlagbaar stadiums. 'n Enkele behandeling behoort voldoende te wees vir beheer.
Blaarroes (*Puccinia hordei*) Poeieragtige skimmel (*Erysiphe graminis*)	Grondtoediening 750 mℓ in 300 ℓ water/ha Lugtoediening 750 mℓ in 30 ℓ water/ha	Blaarroes en Poeieragtige skimmel: Spuit sodra die eerste simptome verskyn. Herhaal toediening ongeveer vier weke later indien simptome weer verskyn.
Netvlek (*Pyrenophora teres*) (*Helminthosporium*) Ringvlek (*Selenophoma donacis*) Oogvlek (*Pseudocercosporella herpotrichoides*)	Grondtoediening 750 mℓ in 300 ℓ water/ha Lugtoediening 900 mℓ in 30 ℓ water/ha	Netvlek en Ringvlek: Spuit sodra die eerste simptome verskyn veral vanaf vlagblaar groeistadium tot aar vorming. Onder hoë besmettingsdruk is dit raadsaam om 'n tweede keer te spuit 3 tot 4 weke na die eerste bespuiting. Oogvlek: Spuit tussen die 7-blaar en vlagblaar groeistadiums. 'n Enkel bespuiting gee normaalweg aanvaarbare beheer.
GRONDBONE Blaarvleksiektes (*Cercospora arachidicola* en *Cercosporidium personatum*) Spatselvlek (*Phoma arachidicola*) Bruinroes (*Puccinia arachidis*)	DROËLAND: Grondtoediening 400 mℓ in 500 ℓ water per 10 000 m ry lengte Lugtoediening 500 mℓ in 40 ℓ water/ha BESPROEIING: Grondtoediening 600 mℓ in 500 ℓ water/ha Lugtoediening 750 mℓ/ha in 40 ℓ water/ha	Dien toe as 'n voorkomende behandeling of wanneer die eerste tekens van infeksie opgemerk word. Herhaal toediening elke 10 – 14 dae. Dien 4 – 5 bespuitings toe per seisoen. 'n Geskikte benatter/kleefmiddel moet by die spuitmengsel gevoeg word om deeglike benatting van die grondboontjieblare te verseker.
HAWER Kroonroes (*Puccinia coronata*)	Grondtoediening 500 mℓ in 300 ℓ water/ha Lugtoediening 500 mℓ in 30 ℓ water/ha	Spuit sodra die eerste simptome verskyn.
KORING **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** behoort toegedien te word met die eerste tekens van besmetting voordat 'n 5 % besmettingsvlak bereik is. 'n Tweede toediening, 21 dae na die eerste toediening, word aanbeveel vir koring met 'n hoë oespotensiaal, veral in gevalle waar die eerste toediening vroeg (eerste node stadium) aangewend is, of wanneer ander siektes later in die seisoen ontwikkel.		
Oogvlek (*Pseudocercosporella herpotrichoides*) Poeieragtige skimmel (*Erysiphe graminis*)	Grondtoediening 750 mℓ in 300 ℓ water/ha Lugtoediening 750 mℓ in 30 ℓ water/ha	Oogvlek: Spuit tussen die eerste en tweede nodegroeistadium. Poeieragtige skimmel: Spuit sodra simptome waargeneem word maar nie later as die vlagblaarstadium nie. Herhaal die bespuiting indien herinfestasie plaasvind.
Vaalblaar (*Septoria tritici*) Streeproes of Geelroes (*Puccinia striiformis*)	Grondtoediening 625 mℓ in 300 ℓ water/ha Lugtoediening 750 mℓ in 30 ℓ water/ha	Vaalblaar: Spuit voor die vlagblaar verskyn. Streeproes: Spuit sodra simptome waargeneem word. Herhaal die bespuiting indien herinfestasie plaasvind.
Blaarroes (*Puccinia recondita*) Bruinaarsiekte (*Septoria nodorum*)	Grondtoediening 750 mℓ in 300 ℓ water/ha Lugtoediening 900 mℓ in 30 ℓ water/ha	Blaarroes: Spuit sodra simptome waargeneem word maar nie later as die vlagblaarstadium nie. Herhaal die bespuiting indien herinfestasie plaasvind. Bruinaarsiekte: Spuit vanaf die tweede nodegroeistadium en voor die verskyning van die aar.
Stamroes (*Puccinia graminis tritici*)	Grondtoediening 825 mℓ in 300 ℓ water/ha Lugtoediening 950 mℓ in 30 ℓ water/ha	Stamroes: Spuit sodra simptome waargeneem word maar nie later as die vlagblaarstadium nie. Herhaal die bespuiting indien herinfestasie plaasvind.
MANGO'S Poeieragtige skimmel (*Oidium mangiferae*)	Grondtoediening 20 mℓ/100 ℓ water	Spuit sodra die eerste tekens van die siekte opgemerk word (gewoonlik wanneer 50 % van die blomme oop is) en herhaal met 10 – 14 dag intervalle tot en met 100 % blomblaarval. Herhaal die bespuiting 2 tot 3 keer gedeurende die blom periode. Die aantal bespuitings hang af van klimaatstoestande en eenvormigheid van blom. Spuit as 'n voldekbespuiting gerig na die blomtrosse.
SITRUS Nawels, Clementines en minneola tangelos. Nawel-end verrotting (swart kernverrotting) (*Alternaria citri*)	Grondtoediening 80 mℓ/100 ℓ water	Spuit by 50 % blomblaarval en herhaal by 100 % blomblaarval. Dien toe as 'n medium dekbespuiting (± 20 ℓ spuitmengsel per boom afhangend van boomgrootte). Onegalige blom oor 'n verlengde tydperk sal na varierende tot swak beheer lei.
SOJABONE Roes (*Phakopsora pachyrhizi*)	Grondtoediening 750 mℓ/ha Lugtoediening 1.0 ℓ in 40 ℓ water/ha	Dien toe in 300 to 500 ℓ water per ha as 'n volle dekbespuiting sodra die eerste simptome van infeksie verskyn. Herhaal teen 14 tot 21 dae intervalle soos nodig. Met swaar siektedruk kan die spuitinterval korter wees.
TAMATIES Vroeë roes (*Alternaria solani*)	Grondtoediening 75 mℓ/100 ℓ water	Spuit tussen 5 en 12 ℓ spuitmengsel per 100 m plantry afhangend van planthoogte om 'n volle bedekking van die plante te verkry. Spuit sodra die eerste tekens van die siekte opgemerk word. Moet nie **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** meer as 5 keer per seisoen toedien nie. Wanneer toestande gunstig vir laatroes is, kan **SHARDA TEBUCONAZOLE 250 EC** in 'n tenkmengsel met 'n geregistreerde laatroes swamdoder gespuit word. Dien toe elke 7 – 10 dae of die toediening kan elke 7 – 10 dae afgewissel word in 'n program met 'n behandeling (nie DMI swamdoder) wat geregistreer is teen vroeë en/of laatroes afhangende van toestande.
UIE Alternaria-vlek (*Alternaria porri*)	150 mℓ in 100 ℓ water	Dien toe in 500 ℓ/ha sodra die eerste simptome van infeksie verskyn. Herhaal teen 7 tot 14 dae intervalle soos nodig. 'n Geskikte benatter/kleefmiddel om spuitafloop te verhoed kan bygevoeg word. Moet nie op spruituie spuit nie. Moet nie meer as 6 bespuitings per seisoen toedien nie.